# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 11**

**VRAESTEL 2**

**NOVEMBER 2018**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:

   **AFDELING A**: Kortverhale **(35)**

   **AFDELING B**: Gedigte **(35)**

2. Beantwoord **AL** die vrae in hierdie vraestel.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is

4. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.

5. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.

6. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVERHALE

### VRAAG 1: Soldate in wit klere [Hannah Bell]

**Lees die volgende uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae. Wees spesifiek in al jou antwoorde.**

| |
|---|
| Hy, groot, fris beesboer, het gebewe soos 'n kind van sewe. Buite die plaashuis het dit gedreun en geblits, maar dit was nie onweer wat hom bang gemaak het nie. |

1.1 Waarvoor was oom Labu bang? [1]

1.2 Wat was oom Labu se posisie op die plaas Wanedzi? [1]

1.3 Aan wie het Wanedzi behoort? [1]

1.4 Waarmee het hulle op die plaas geboer? [1]

| |
|---|
| Al die land se inwoners, wit en swart, het in daardie oorlog swaargekry. Vryheidsvegters het oor die land se grense gekom en by binnelandse vegters aangesluit. Hulle het inboorlingdorpies geplunder, sendingstasies met mortiere bestook, plaashuise met handgranate aangeval en afgebrand. |

"Al die land se inwoners..."

1.5 Van watter land word hier gepraat? [1]

1.6 Voltooi die volgende sin deur EEN woord neer te skryf.

Die land se inwoners het swaargekry as gevolg van 'n .......... [1]

1.7 Waarom is Nevil na Wanedzi gestuur?
Gee TWEE redes. [2]

| |
|---|
| "Toemaar, dalk gee hy jou net medisyne. En ons is vanaand weer tuis." Maar oom Labu kon sien die man lyk sleg en hy het gou die bakkie uitgetrek om dorp toe te ry. |

1.8 Noem een van die simptome wat Nevil gehad het wat op malaria kon dui. [1]

1.9 Watter besluit het oom Labu by die dokter geneem wat hom in groot moeilik by die weermag kon bring? [1]

1.10 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Die weermag het drie van die vegters doodgeskiet en een gevange geneem. [1]

1.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar neer in die VOLGORDE wat dit in die kortverhaal gebeur het:

- Oom Labu se hart was swaar in sy binneste oor Nevil en die onrus in die land.
- Die gevangene sê hulle was bang vir die soldate in wit klere wat om oom Labu se huis gestaan het.
- Nevil en oom Labu is op die uitkyk vir hinderlae.
- Die streng klokreël verhoed oom Labu om na die buurman te ry.

[4]
**{15}**

**VRAAG 2: Donker Nag [Hans du Plessis]**

**Lees die volgende uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae. Wees spesifiek in jou antwoorde.**

> Die bliksemstraal en die donderslag tref die boom langs die restaurant gelyktydig. Toe is dit donker. Klara laat die skinkbord met die leë borde donderend val. Dan is dit stil. Al wat sy in die flikkerende kerslig sien, is die paar verskrikte gesigte van die mense wat nog in die restaurant sit.

2.1 Wat is Klara se beroep? [1]

2.2 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is deur EEN WOORD uit bogenoemde uittreksel aan te haal.

Alhoewel die elektrisiteit af is, kan die mense in die restaurant mekaar nog sien. [1]

2.3 Pas die stellings in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter as antwoord, bv. 2.3.1 A.

[4]

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.3.1 Man in reënjas | A. Dra 'n klapmus |
| 2.3.2 Man met littekengesig | B. Het 'n pistool in haar laai |
| 2.3.3 Johan Stander | C. Bestuurder van die restaurant |
| 2.3.4 Isabel | D. Word deur weerlig doodgeslaan |
| | E. Ongeskik met Klara |

| |
|---|
| Nêrens brand ligte in die huise om haar nie. Almal is weg. Klara probeer orals gelyktydig sien. Ten spyte van die reën loop die sweet langs haar rug af. Sy sukkel met die veiligheidshek se sleutel. |

2.4 Watter vervoermiddel gebruik Klara om by die huis te kom? [1]

2.5 Waar is die meeste van die mense van die dorp? [1]

2.6 Omtrent hoe laat is dit toe Klara uiteindelik in die huis kom? [1]

2.7 Waarom, dink jy, het sy Stander se selfoonnommer in haar eie foon ingetik? [1]

2.8 Waar het Klara probeer wegkruip? [1]

2.9 Wie was die man in die kamer? [1]

**{12}**

**VRAAG 3: Bottervisse in die jêm [Deon Meyer]**

**Lees die volgende uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae. Wees spesifiek in jou antwoorde.**

| |
|---|
| "Dit is baie deurmekaar hier," is sy eerste woorde aan my.<br>Hy staan teen die kosyn van die skuifdeur aangeleun, sy hande in sy sakke, 'n diep frons tussen die oë wat deur die vertrek dwaal.<br>Ek bring die kwas tussen palet en doek tot stilstand, ongewoond aan besoekers, krities of onkrities.<br>"Wie is jy?" vra ek met 'n stemtoon wat hom moet laat verstaan ek hou niks van kinders nie.<br>"Ek is Buks Barnard, ek woon in Dolce Vita vier-een-ses en ek is soveel," sê hy sy rympie met vier vuil vingertjies in die lug, onbeïndruk deur my stemtoon. Hy stap die vertrek binne, hande weer in die sakke, oë wat ongewaste koffiebekers, verfblikke en -buise, kwaste, voltooide en halfvoltooide skilderye en potloodsketse op die tafels en vloer ondersoek. |

3.1 Voltooi die volgende paragraaf deur van die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **sitkamer** | **frons** | **beeldhouer** | **ateljee** |
| **skilder** | **grynslag** | **yskasdeur** | **potloodmaker** |

Buks dink dat Christo se 3.1.1.....baie onnetjies is. Daarom 3.1.2......hy terwyl hy na die ongewaste koffiebekers, ens. kyk. Bogenoemde uittreksel noem items wat ons laat verstaan dat Christo 'n 3.1.3...... van beroep is. [3]

3.2 Buks is nie beïndruk met Christo se werkplek nie.

Waarmee was hy wel baie beïndruk, in so 'n mate dat Christo sy held geword het? [1]

> "Hoekom is al dié mense so kwaad?" Hy haal weer 'n hand uit 'n sak en wys met 'n krom vingertjie na van die kunswerke wat teen die muur aanleun. "Hulle is nie kwaad nie," sê ek verontwaardig. "Hulle kry seer. Binne."

3.3 Wie/Wat is al dié mense wat so kwaad is? [1]

3.4 Christo sê "Hulle kry seer. Binne."

3.4.1 Wat het in Christo se lewe gebeur wat hom so seergemaak het? [1]

3.4.2 Wat gebeur later in die verhaal wat Christo se seer heelmaak? [1]

> Ons is 'n optog: sy voor, die lokomotief wat my onwillige vragwa voortsleep, en die kind en die CD dek die agterhoede, om die hoeke van nog twee huise, tot by nommer 416, in die deur, waar Monica Barnard gaan staan en na die muur wys. "Kyk," sê sy trots, en sy los my hand. Dit is een van my skilderye, *Wasgoedvrou.*

3.5 Wie is Monica Barnard? [1]

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die skildery, *Wasgoedvrou simboliseer*

A. geluk, lewe en sonskyn.
B. die vroue van vandag wat hard moet werk.
C. die stryd wat mense sonder lopende water het.
D. die geluk van mense wat kan skilder. [1]

3.7 Verduidelik waarom Buks vir Christo 'n CD gebring het. [1]

| |
|---|
| Eindelik is dit sy besige lyfie wat doelgerig heen en weer stap, en swaar blikke, rame en skilderye met inspanning en gepofde wangetjies dra-sleep, sy bereidheid om self op te offer voor hy sy beloning kry, wat my laat besluit. Sonder om 'n woord te sê, begin ek die rommel op die groot tafel teen die muur bymekaar maak. |

3.8 Waarmee is Buks en Christo in bogenoemde uittreksel besig? [1]

3.9 "...voor hy sy beloning kry..."

3.9.1 Wat is Buks se beloning? [1]

3.9.2 Wat is die naam van die skildery wat Christo geverf het nadat Buks sy beloning gekry het? [1]

3.10 Kies die woorde in KOLOM B wat by KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.10.1 Die eerste afspraak | A. Buks se skoolkonsert |
| 3.10.2 Die tweede afspraak | B. Fliek toe |
| 3.10.3 Die derde afspraak | C. Simfoniekonsert |
| 3.10.4 Die vierde afspraak | D. 'n Nico Lewis-komedie |
| | E. 'n Disney-tekenprent |

[4]
**{17}**

**VRAAG 4: Die Engelman [vir Cila] Izak de Vries**

**Lees die volgende uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae.**

| |
|---|
| Natalie was saam met hom opgewonde. Sy is ook geïnteresseerd in die geskiedenis en die wit kranse van Dover het soveel om te bied. Hier het Charles Darwin rondgeloop. Hier is ***The French Lieutenant's Woman*** geskryf en verfilm. Hier speel dele van ***Possession*** af - en dele van die latere fliek is ook hier geskiet. |

4.1 Wat het Natalie anders as ander meisies gemaak? [1]

4.2 Waarom het Natalie nie saam met Chris Engeland toe gegaan nie? [1]

4.3 Watter slegte nuus het Chris van Natalie ontvang? [1]

4.4 Natalie praat in haar brief van "die Bos".
Verduidelik wat "die Bos" is. [1]

4.5 Wat doen Chris in Dover om geld te verdien? [1]

4.6 Waarom noem Chris se baas hom sy *African Driver?* [1]

4.7 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 4.7 A

Die kinders het Chris op skool "ou suurknol" genoem want

A. Chris het van suur lekkers gehou.
B. alle boekwurms is suurknolle.
C. Chris neem alles te ernstig op.
D. Chris was ouer as die ander kinders. [1]

4.8 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Laat** | **Engelsman** | **Hawestad** | **toeriste** |
| **Vroeg** | **Engelman** | **Redder** | **skepe** |

Dover is 'n 4.8.1........ in Engeland. Chris neem gereeld 4.8.2..... na die skepe toe. Die Suid-Afrikaners is 4.8.3..... en noem Chris 'n 4.8.4......omdat hy hulle betyds by die skip kry. [4]

Hy sal afkry. Dis bloot vir vra.
Hy klim in die motor en kyk na die boek. Hy kan maklik nog een koop.
En vir die tweede keer in sy lewe doen hy iets heeltemal reg. Hy weet dis reg.

4.9 Waarvoor kan Chris sy baas vra? [1]

4.10 Wat is die tweede ding in sy lewe wat Chris doen wat hy weet is "heeltemal reg"? [1]

**Het so gebloos ☹ Te bang v bel! Dankie X 10! ☺ Jy tog engelman! Asb ja v Londen.**
**Maar stadig vat asb ☺ SMS weer as minder bloos. Silina xxx**

4.11 Waarom het Silina **"so gebloos"**? [1]

4.12 In watter stad gaan Silina vir Chris ontmoet? [1]

4.13 Chris voel dat Silina 'n engel was. Verduidelik. [1]

**{16}**

**VRAAG 5: Semi-Soet [filmstudie]**




5.1 Wat is die name van die twee hoofkarakters? [2]

5.2 Pas die naam in KOLOM A by die beskrywing in KOLOM B.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.2.1 Hertjie | A. Advertensie- agentskap |
| 5.2.2 Fernando's | B. Koop kleiner maatskappytjies uit |
| 5.2.3 Mojo | C. Vrede en Lust eienaar |
| 5.2.4 Almalgamated Media | D. Synergy |
| 5.2.5 Andries Buys | E. Die "Jakkals" se prokureur |
| | F. Modelagentskap |

[5]




5.3 Voltooi die paragraag deur van die woorde in die onderstaande blokkie te gebruik.
Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **hondjie** | **graf** | **Vryersvoetpad** | **wynplaas** |
| **varkie** | **Markus** | **sonbrand** | **Klara** |

Andries se vrou se 5.3.1...... is aan die begin van "Vryersvoetpad". Die 5.3.2......,Bella, jaag van die karakters in hierdie voetpad. Die nuwe Vlagskipwyn se naam is 5.3.3...... [3]

**{10}**

**TOTAAL VIR AFDELING A = 70 ÷ 2= [35]**

## AFDELING B: GEDIGTE

**VRAAG 1: Susan Boyle [Kobus Grobler]**

**Lees die volgende gedig en beantwoord al die vrae.**

**Susan Boyle**

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van *Britain's got talent*
aangeja soos 'n skaap
misrabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
Jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van *I dreamed a dream*
het jy vanuit vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op YouTube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

**VRAE:**

1.1 Vir watter talentsoekprogram doen Susan Boyle 'n oudisie? [1]

1.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer, bv. 1.2.1 A.

1.2.1 Susan Boyle se inskrywing 43212 word spesifiek genoem omdat

A. sy nou net 'n nommer is, maar later sou die hele wêreld haar ken.
B. sy self die nommer vir die kompetisie gekies het.
C. sy weet die beoordeelaars verkies die inskrywingsnommer.
D. die werklikheidsprogram wêreldwyd vertoon word. [1]

1.2.2 "met die eerste woorde van *I dreamed a dream*" [reël 9] vind ons

A. 'n wending wat in die gedig plaasvind.
B. klanknabootsing van 'n liedjie.
C. 'n kontras.
D. 'n metafoor. [1]

1.3 Die woord "vaal" in versreël 4 verwys na Susan Boyle se

A. deurmekaar haarstyl en onmodieuse rok.
B. vaal rok en haar skril stem.
C. inskrywingsnommer.
D. herkoms en stamboom. [1]

1.4 Kies die aanhaling in KOLOM B om by die letterkundige aspek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter [A-D] langs die vraagnommer, bv. 1.4.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Metafoor | A. "aangeja soos 'n skaap |
| 1.4.2 Vergelyking | B. "jou vertelsel van 'n klein Nasaret" |
| 1.4.3 Alliterasie | C. "aan die hele wêreld skenk" |
| | D. "Simon spot, skares jou uit:" |

[3]

1.5 Watter liedjie het Susan Boyle gesing wat haar hele lewe verander het? [1]

1.6 Aan die begin van die gedig spot die beoordelaars Susan Boyle en die die gehoor lag haar uit.

Verduidelik die kontrasterende reaksie van die mense wat haar op Youtube sien optree. [1]

1.7 Watter les/tema vind ons in hierdie gedig? [1]

**{10}**

**VRAAG 2: Die wêreld het so klein geword [Alta Marincowitz]**

**Lees die volgende gedig en beantwoord al die vrae.**

**Die wêreld het so klein geword**

Toe my ouma 'n kind was, speel speel hulle op die wye vlakte,
deel granate in die boord,
lees boeke in hulle soeke na kennis
en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

As kind bly my ma op 'n ruim erf
met 'n grasperk en twee bome,
sit sy vasgenael voor die kassie-
vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
Sy ken mense wat al oorsee was!
Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
die web is my werf en *Gumtree* my boom.
Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
gedeeltelik ontsluier en klankloos klets en kuier.
Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
Die moontlikhede is duisligwek-
kend GROOT en die wêreld het so
klein geword dit pas in die
twaalf vierkante
meter van my
kamer
in.

**VRAE:**

2.1 Watter WOORD in die eerste strofe dui aan dat die spreker se ouma baie vrugte op haar plaas gehad het? [1]

2.2 Wat was gedurende die spreker se ouma se kinderjare haar enigste bron om kennis te kry? Haal EEN WOORD uit die gedig aan. [1]

2.3 Hoe het die spreker se ouma en ma se leefruimtes verskil? Haal TWEE opeenvolgende woorde uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.
**[NB: Jy moet TWEE opeenvolgende woorde vir elkeen van bogenoemde persone aanhaal]** [2]

2.4 Hoekom is hierdie gedig 'n vrye vers? [1]

2.5 Haal 'n versreël aan wat aandui dat mense baie opgewonde oor die koms van televisie was. [1]

2.6 Versreël 14 praat "van 'n boek".
Waarna verwys dit? [1]

2.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter as antwoord neer, bv. 2.7.1 A:

2.7.1 Die woord GROOT wat in hoofletters geskryf is beklemtoon

A. hoe groot die internet die wêreld gemaak het.
B. die belangrikheid van tegnologie.
C. die grootte van die ouma se plaas.
D. hoe klein die spreker se kamer eintlik is. [1]

2.7.2 Die uitroepteken aan die einde van reël 9 sê vir ons dat die ma

A. opgewonde was.
B. ontsteld was.
C. hartseer was
D. bang was. [1]

2.7.3 Die korter versreëls aan die einde van die gedig wys na die spreker se

A. kleiner wêreld.
B. groter wêreld.
C. stres oor die ontwikkeling van tegnologie.
D. gedagtes wat korter word. [1]

**{10}**

**VRAAG 3: Here Be Dragons [Izak de Vries]**

**Lees die volgende gedig en beantwoord al die vrae.**

**Here Be Dragons**

pa se kodewoord
draf ek in 'n oogwink kaf
my muis surf dwingend
op nuwe ruimtes af

los my, pa, laat my gaan
inligting is my relige en GoogleEarth my kaart
dagga lê die strate vol
en onnies vroetel ook maar graag

ons wéét, pa
ons keyboards is wyser as jy dink
laat ons gaan, laat ons reis
na kletsvriende in Pole, na hekse in Parys

waar anders, pa, sal ons geslag
ons vlae plant
ons kleims afsteek?

los my, pa, laat my gaan

maar hou oop jou hart
eendag gaan daar 'n virus wees
'n wurm of 'n Trojaanse perd
wat meer gaan doen as komperkraak

dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat

sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug
van 'n pedofiel of sluipdief in die nag
sal jou oor dan oop wees, pa?
'n USB vir my gemoed?

of gaan jy stug 'n vuurwal gooi
en my die kuberstorm self laat veg?

3.1 Watter DRIE opeenvolgende woorde sê vir ons dat die seun sy pa se rekenaar baie maklik kan oopmaak? [1]

3.2 Kies die woorde in KOLOM B wat by die woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.2.1 Kodewoord en komperkraak | A. Personifikasie |
| 3.2.2 Word met 'n padkaart vergelyk | B. "of sluipdief in die nag" |
| 3.2.3 "my muis surf dwingend" | C. GoogleEarth |
| 3.2.4 Gevare op die internet | D. ""los my pa, laat my gaan" |
| | F. Neologisme |

[4]

3.3 Waarom dink jy het die pa 'n kodewoord op sy rekenaar gesit? [1]

3.4 Waarna verwys die wurm en die Trojaanse perd waarvan ons in strofe 6 lees? [1]

3.5 Noem EEN ding wat die seun se pa vir hom in die toekoms moet oophou. [1]

3.6 Kies die korrekte antwoord tussen die hakies en skryf dan net die vraagnommer en die antwoord neer.

Aan die begin van die gedig is die kind 3.6.1 [ vol selfvertroue/ voel hy weerloos] en aan die einde van die gedig 3.6.2 [vol selfvertroue/ voel hy weerloos]. [2]

**[10]**

**VRAAG 4: Nag in Kentucky Fried Chicken [André Letoit]**

**Lees die volgende gedig en beantwoord die vrae.**

**Nag in Kentucky Fried Chicken**
**[ek laat jou agter]**

Om 'n geslaagde selfmoord te beplan
is selfs moeilikher as 'n kinderpartytjie.
Ek is nie goed met afskeidsnotas nie
en boonop kan ek nie
aan 'n goeie rede dink nie.
Ek is nie verveeld nie
Ek is nie depressief nie
Die lewe is nie sinloos nie
Ek het nie eers 'n meisie
wat my kan verwerp nie.
Ek het vrede met die maatskappy.
Ek groet polisiemanne in die verbygaan.
Ek is normaal wanaangepas.
Niemand haat my nie.
Ek het geen dringende armykampe nie.
My sekslewe is gevarieerd en redelik opwindend.
Maar

Ek wil nooit weer die WP sien verloor nie.

**VRAE:**

4.1 In die titel van die gedig kry ons die woorde "ek laat jou agter". Wie/Wat is die "jou"? [1]

4.2 Wat is vir die spreker baie moeilik om te beplan? Skryf 'n versreël as antwoord neer. [1]

4.3 Haal 'n voorbeeld van 'n enjambement uit die gedig aan. [1]

4.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

4.4.1 Wanneer 'n mens se lewe sinloos is voel jy

A. dat more nuwe, opwindende uitdagings sal bring.
B. baie opgewonde.
C. asof jy niks het om voor te lewe nie.
D. baie positief oor die lewe. [1]

4.4.2 Wanneer iemand jou "verwerp"

A. stoot hulle jou weg.
B. werp hulle brood oor die water.
C. hou hulle baie van jou.
D. groet hulle jou in die strate. [1]

4.5 Haal die oksimoron aan wat in die gedig voorkom.
Jou antwoord moet twee opeenvolgende woorde wees. [1]

4.6 Kies uit KOLOM B die versreël wat by die woorde in KOLOM A pas.
Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer, bv.4.6.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.6.1 Die spreker het 'n werk. | A. "Ek is nie verveeld nie" |
| 4.6.2 Die spreker het nie vyande nie | B. "Ek het vrede met die maatskappy |
| 4.6.3 Die spreker het baie dinge in sy lewe wat hom besig hou. | C. "Ek wil nooit weer die WP sien "verloor nie |
| 4.6.4 Die spreker is nie skuldig aan enige misdaad nie. | D. "Ek groet polisiemanne in die verbygaan" |
| | E. "Niemand haat my nie" |

[4]
**{10}**

**TOTAAL VIR AFDELING B= 40 verwerk na [35]**

**GROOTTOTAAL: {70}**